



Landlyn (018) 473 5354 Faks: 086 622 5363 E-Pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Avenue, Orkney, 2619

Crossroad Gospel Message NPC 2013/00234/08, FNB Account Nr 62355533540, Branch Code 250655

Trotse Oupas & Oumas!



Dit was 2 senutergende dae terwyl ons gewag het vir hierdie klein meneertjie om sy opwagting te maak. **Ouma Connie & Oupa Coen Claassens** het by die hospitaal gewag saam met **pappa Pieter** vir die opwagting van hul eerste kleinkind!. Daar was Dinsdag so geweldig baie noodkeisers dat Sonja se keiser moes noodgedwonge uitgestel moes word na vandag, maar vanmiddag, **17 April 2013** net na 14:00 het klein **Jaden Claassens** sy

opwagting gemaak!

Ons wil vir die Here baie dankie volmaak geskape is en dit gaan baie seer, maar oor 'n week of wat is alles

sê dat hierdie klein seuntjie (**2.9Kg**) goed met **mamma Sonja**. Sy het nog vergete! **Ons wil baie dankie sê vir almal se**

gebede, smse en oproepies. Ons kon dalk nie met julle almal praat nie, maar weet dat ons jul belangstelling oneindig baie waardeer. **Dis ons 2de kleinkind, so nou beter julle weet, Oupa Francois & Ouma René nou "grootmense"!!! AMEN!**



Ons verwelkom ook vir klein Vianette Krog op 15 April 2013!

Ja, klein Vianette is net 2 daggies voor Jaden gebore en en die vregdevure brand steeds hoog in Randfontein! Baie, baie geluk **Gert & Elmarie**. Ons weet julle gaan hierdie pragtige stukkie mens grootmaak in God se weë en dat sy altyd sal kan opkyk na haar mamma en pappa as haar rol-modelle! Gelukkig is Ouma Sally nie te vêr nie...haha!!

Kruispad Familie Kerk verwelkom dus amptelik hul eerste twee babatjies, nogals 'n dogtertjie en 'n seuntjie! Dankie Jesus vir hierdie groot voorreg om deel te wees!



Ons groet die Biker Arena na 4 jaar..

Ons was vir 4 jaar betrokke in die **biker arena** en ook die Presiderende Pastore van die **North West Bikers Church** wat 'n bedieningsbeen was van **Kruispad Boodskap**. Ons het egter op **24/3/2013** amptelik bedank as pastore van die NW Bikers Church en is tans besig met die oorgeproses. Die rede vir ons bedanking is op grond van **Kruispad Boodskap** se amptelike **VISIE** wat God ons **17 jaar gelede** gegee het uit **Lukas 14:23**.



In 2007 het Ps Pieter van Wyk 'n woord oor ons gebring en God het ons gewaarsku dat ons nie geroep is vir 'n **GROEPERING** van mense nie. Ons mag nie 'n sekere groep uitsonder en die Evangelie beperk tot so 'n sekere groep nie. In 2008 het Betsie Joubert, 'n erkende en welbekende profeet en vrou van God geprofeteer en vir ons gesê dat sy sien **mense met tattoo's, oorbelle, bikes** ens na ons toe kom en hulle word geleer op "grassroot levels" Ons het begin met 'n "**bikers church**" alhoewel ons nie self

bikers was nie, maar ons het die keuse gemaak om hulle te begin bedien en leer. Dit was 4 wonderlike jare en ons kan vandag met dankbaarheid terugkyk as ons sien hoe baie bikers na God toe gedraai het en in die proses is die **Crossroad Bikers Church Network** ook gevestig wat tans uit **16 biker kerke** bestaan!

Die pad was beslis nie maklik nie en vir 4 jaar veg ons vir die behoud van ons oorspronklike bediening, roeping en vrede wat eintlik alles onnodig was sou ons hierdie profetiese woord en God se roeping op ons lewens reg aangewend het en nie gefokus het op **EEN GROEP** mense nie. In hierdie hele proses, steel die vyand ons **VRYMOEDIGHEID** aangesien ons na die voorskrifte van 'n groepering van mense moet luister, maar God se genade en liefde is groot! Hy sê mos in **Romeine 8:28** "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is."



Ons groet ook die rook & tyres...

Met die aanbreek van ons nuwe seisoen het dit ook beteken dat ons vir eers die "adrenaline rush" van wheelies, rook en tyres-brand totsiens moes roep. Ons het 'n paar wonderlike jare saam met **Stunters4Christ** gehad en ons weet dat **Willie & Heleen Bruwer** hart en siel in hierdie bediening van hulle is. Ons gebed is dat hul sal aanhou met hul goeie werk!

Ons sal altyd die stuntshows op die strate, voor die casino's, by die rallies, op die parkeer areas van die Malls of waar ookal onthou. Ons is dankbaar vir elke siel wat ingekom het en dank God dat hy ons kon gebruik op hierdie unieke manier van bediening. **BURN RUBBER NOT SOULS!**

'n Nuwe Seisoen breek aan!




Mayfair Village
R30 tussen Klerksdorp & Orkney

Kruispad familie kerk **09:00**

Kantoor: (018) 473 5354
Help Lyn: 082 526 4528
info@crossroad-ministries.co.za
www.crossroad-ministries.co.za

Ps Francois & René van den Bergh

KRUIPAD FAMILIE KERK DATUMS 2013				
APRIL	MEI	JUNIE	JULIE	AUGUSTUS
21 & 28	12 & 26	9 & 23	14 & 28	11 & 25
SEPTEMBER	OKTOBER	NOVEMBER	DESEMBER	JANUARIE '14
8 & 22	6 & 20	3 & 17	1 & 15	12 & 26



beskikbaar op ons **webtuiste**.

Dit was lekker om ook vir **Yadah Dansgroep** saam met ons te hê en dit het sommer gevoel of ons besig was met 'n kamp! **Dankie dat jul deel was van hierdie groot dag!**



Eerskomende **Sondag 21 April 2013** hou ons die eerste **lidmate voorstellingsdiens** en dit gaan verseker 'n groot gebeurtenis wees. Ons dank die Here vir soveel mense wat God se salwing op ons lewe herken en erken en graag wil deelword van hierdie nuwe seisoen!

Kruispad begin op **7 April** **amptelik** met die

Kruispad Familie Kerk!

Hierdie is een van baie geloofstappe wat ons al geneem het, maar dit bly nogsteeds 'n groot stap om uit jou huidige stabiele, gemaksbootjie uit te klim in 'n onbekende bootjie. Al wat jou dan kalm en gefokus hou, is die feit dat jy weet jy is en bly in God se **WIL!** Slegs **IN SY WIL** is jy **VEILIG!** Al is die golwe gevaarlik hoog om jou, met **Jesus IN JOU BOOTJIE** is jy veilig!

Francois het dit duidelik gestel in die opening dat **KRUIPAD FAMILIE KERK** oop sal wees vir **ALLE GROEPERINGS** van die samelewing. Of jy nou 'n myner, biker, trokdrywer, valskermspringer, prostituut, sakeman, verpleegster, skoolkind of wat ook al is...ons deure staan oop vir **ALMAL!! ALL WALKS OF LIFE** is welkom! Ons gaan egter nie kyk na jou **GROEPERING** nie, maar na jou as **MENS!**

Ons **dienstye** is hierlangsaaan beskikbaar, maar meer inligting hoe om deel te raak is

Francois se openingsboodskap 7/4/2013 was suiwer geïnspireer deur God se Woord: WAAG DIT OM LOS TE KOM!



1.

om te sê...

Lees Johannes 11:1-44

Al was Lasarus lewendig toe hy uit die graf uitgekom het, was hy nog VASGEBIND in GRAFDOEKE! Soms is ons kinders van God en ons LEWE, maar ons is nog in geestelike grafklere van slegste gewoontes, swak karaktertrekke...LIEFDE maak ons los! LIEFDE =GOD!!!

Net soos Jesus vir Lasarus uit die dood opgewek het en gesê het: "Maak hom los!" So wil Hy hê JY moet LEWE en LOSGEMAAK wees!!!

MAAK MY LOS en LAAT MY GAAN



2.

Jy kan ..en jy mag.. **Jesus** het dit vir Lasarus gedoen...en **Hy WIL** dit ook vir **elkeen** van ons doen..



Johannes 11:43 En nadat Hy dit gesê het, het Hy met 'n groot stem geroep: **LASARUS, KOM UIT!** Johannes 11:44 En die oorledene het **uitgekóm, aan hande en voete met grafdoeke gebind, en sy gesig was toegedraai met 'n doek.**

3.



Lasarus was nog in sy grafklere en

JESUS SÊ VIR HULLE:

Maak hom los en laat hom gaan.

Wat wil Jesus ons nog wys uit hierdie verhaal..

JY KAN LEWE EN NOG STEEDS VAS WEES.

Weergebore en my gees is

4.

LOS

Matt 23:27 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, **WANT JULLE IS NET SOOS GEWITTE GRAFTE** wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is.

Sonde hou my vas..

Hy wil hê dat ons in **LIEFDE** moet **WANDEL**, want dit is die **ENIGSTE** manier hoe Hy die **NUWE LEWE** wat Hy binne-in ons gesit het, kan **VRYLAAT..!**

5.



NUWE LEWE BETEKEN EK IS WEDERGEBORE.



6.

bonatuurlike EK IS LOS

Jesus se liefde laat my gees lewe.

natuurlike

Ek lewe...maar my gees is DOOD.. EK IS NOG VAS.

WANNEER ONS in liefde wandel


STAP ONS UIT DIE natuurlike

REALM IN DIE


bonatuurlike.



Niks kan ons STOP nie. SLEGS DIE GRAF KLERE en Jesus wil jou Losmaak.. maar wat kan Hom STOP



Sê vir elkeen van daardie dodelike gewoontes, **los my en laat my gaan, ek is saam met God. EK WEIER OM VASGEHOU TE WORD.** Ek wandel in **liefde.** Ek sit **haat, onvergewensgesindheid** en my **ele ek** agter my. Ek gaan voort in die krag en die heerlijkheid van God. **SO LOS MY EN LAAT MY GAAN.**



Dit neem nie **WEKE OF MAANDE** om oor te skakel van 'n **natuurlike** na 'n **bonatuurlike lewe nie.**

Dit neem net 'n besluit

GOD het reeds **SY LIEFDE BINNE-IN JOU GEPLAAS.** Maar Sy liefde **beteken niks** as jy dit **binne-in jou toegesluit hou nie...**



Ephesians 4:24 (a) And put on **the NEW MAN**, to which God has given **life**

Durf waag dit om **in te stap** in die **bonatuurlike** en **WAAG-DIT** om **JOUSELF OOR TE GEE OM LIEF TE HÊ**

Dit is so lekker om te **LEWE!** Dis so lekker om nie skuldig te voel oor dinge wat jy **gedoen het nie, om vry te wees!**


Die hartseer is egter dat satan ons wil vashou met hierdie **GRAFKLERE** wat ons versmoor! Ons kan kinders van God wees ja, maar ons moet dit nie geniet nie. Ons moet "suffer", ons moet met onverwerkte pyn sit en toelaat dat depressie en siektes ons lewe verwoes...

STOP!

GEE DIE DUIWEL GEE PLEK NIE!

Efesiers 4:27

Laat vandag nog toe dat God se **LIEFDE** (Hy is immers **LIEFDE**) jou gees deurspoel en alle vrees, twyfel en ongeloof na buite dryf sodat **JY KAN LEWE!**



"Here, maak elkeen los wat nou hier lees en vasgevang voel in die grafklere van hartseer, bitterheid, siekte, pyn, armoede, verwerping, wanhoop of wat ook al dit mag wees waarmee satan hul probeer vashou. Satan, **LAAT HUL LOS** in die Naam van Jesus Christus! Dankie Vader vir **U liefde** wat hul **NOU** vul sodat hul **VRY** kan wees en kan **LEWE** en elke sekond daarvan kan geniet, Amen!"



Dit was voorwaar die heerlikste Paaskonferensie wat ons in 'n lang tyd gehad het! Hierdie jaar het ons die **SA GOD RALLY** verander na die **SA EASTER CONFERENCE** sodat dit weereens nie gefokus is op net een groepering van mense nie.

Ons het die naweek heerlik saamgekuier by **Ijaanie Park** wat so 26 km buite Orkney lê op die Leeudoringstad pad. Ons wil vir **Yolandie Harris & Ruan** uit ons harte bedank vir hul gasvryheid en uitstekende diens. Ons is verseker volgende jaar weer by julle!! Wel, ons plekke is alreeds geboek!

Ons wil as die Here wil, vanaf **2014** begin met 'n **KRUISFEES PAASKONFERENSIE** by Ijaanie Park en die inligting sal reeds binnekort op ons website beskikbaar wees en op Facebook.


Hierdie naweek was gekenmerk aan die teenwoordigheid van die Here en ons het 9 mense gedoop wat Jesus Christus aangeneem het! Ons wil vir **Ps Johan & Elize Meintjes (Vryburg)**, **Pierre & Ronel Maree (Maritzburg)**, **Hennie Erasmus (Lowveld)** en almal van **Sabie Bomb Shelter** baie dankie sê vir hul teenwoordigheid, hulp, bediening en al die lekker fun wat ons saam kon hê! Sabie het behoorlik met AL die pryse weggeloo!!

Ons wens ons kon al die fotos vir julle wys, maar daar is net te veel! Ons kosstalletjies het hulle oortref en ons het gesmul aan die lekkerste kosse! Dankie **Ps Johan & Elize Meintjes (Born Free Vryburg)**, **Olive & Christine (Olz Sizzle & Grill)**, **Hein (Oldies Biltong)** en **Lidia (Stuffed Burger & Pancakes)** vir julle lekker kos en borge om die fun nog meer te maak!!

Ons is reeds besig om te beplan vir volgende jaar (**18-21 April 2014**) en ons sien uit om dit een van die grootste Paaskonferensie in die Noord Wes te maak! As julle nou al jul chalets of staanplekkies wil boek, Yolandie wag vir jou oproep! **Akkomodasie Besprekings: 082 456 4903**

Navrae: **Connie @ 082 328 2988 of (018) 473 5354**

HIERDIE GAAN 'N KONFERSNIE WEES WAT JY NIE KAN OF MAG MIS NIE!





Kruispad by AGS Arendsnes!

Ons was op **13 Maart 2013** genooi om te bedien by die saamtrek van **6 gemeentes in Klerksdorp se Seniors** en was dit nou vir jou 'n belewenis! Hulle orkessie het liedjies uit toendertyd se dae gespeel en die salwing van die Here was tasbaar!

Francois het die Woord bedien, ons het vir hulle bedien met sang en toe het ons lekker gekuier! Dit was 'n fees, amen!



Shagém groet haar aardse lewe...

Sy was net **Shagém** soos die Here haar naam vir haar gegee het om 'n baie besondere manier toe Hy haar geroep het om vir Hom te werk. Van 'n plaasmeisie tot 'n Godsvrou wat vir niks gestuit het in die lewe nie.

Toe sy die sig van haar oë begin verloor het, het Margie haar oë geword. Sy het Shagém versorg en haar bygestaan met **JOY MINISTRIES**. Ek onthou hoe Margie die tikwerk moes doen vir die boeke wat Shagém geskryf het. Dit was nie altyd maklik nie, maar Marhie was altyd daar en ons salueer haar edel gees van

onvoorwaardelike diensbaarheid! Shagém het Sondagoggend **14 April** in Margie se arms gesterf aan 'n noodlottige hartaanval.

Ons was geskok en oorweldig met die nuus aangesien Shagém nog in haar vroeë sestigs was. Mens besef net weereens dat satan die mensemoordenaar is en haar stem wou stilmaak. Wel, hy het dalk haar stem stilgemaak, maar haar gees sal vir ewig lewe en ons sal haar weer sien! Ek glo sy is alreeds besig om vir Vader Abram, vir wie sy 'n groot liefde op aarde al gehad het, alles te vertel van ons!

Shagém, jou stem sal altyd in ons harte weergalm en die baanbrekerswerk wat jy as berader, spreker en bedienaar van God se Woord gelewer het, sal ons altyd aanspoor om NOOIT te gaan lê nie al is die pad ook hoe steil.

Margie, you are in our thoughts and we will pray that the Lord will open up the door He has already prepared for you in due time. He holds you safe in the palm of His hand and He will guide you on your path from this day forward!

Roudiens : Park Kapel, Doves Funeral Services, 147 Malibongwe Laan, Strijdom Park @14:00 Vrydag 19 April 2013



Drieka Maree, wat oorlede is op 3 September 2012 aan kanker, se gryse ou moedertjie, **Tannie Marie**, is ook op **Sondagoggend 14 April** oorlede in die **Klerksdorp Ouetehuis** op die hoë ouderdom van 86 jaar na 'n baie lang en moeilike siekbed. Sy het op 14 Des 2011 haar lewe oorgegee aan **Jesus** tydens een van ons dienste en ons weet dat sy nou by Drieka is! Ons wens egter haar familie baie sterkte toe wat haar sal mis.

Haar begrafnis is Donderdag 11:00 vanuit Oase Gemeente, Klerksdorp.

Kruispad se eerste uitreik met ons

Vito Bussie!



Ja, dit was werklik vir ons 'n groot oomblik toe ons hierdie bussie kom pak vir ons **eerste amptelik Kruispad Boodskap Uitreik!** Ons crew van 7 met ons klanktoerusting het gemaklik ingepas en daar was selfs nog 'n sitplekkie oop!

Hierdie bussie was 'n belofte van die Here wat al oor 'n hele paar jaar kom en ons het net geweet dat ons moet rustig wag. **God se tyd is die regte tyd.** Ons is dankbaar vir gehoorsame kinders van die Here wat die beginsels van saai en maai verstaan en weet dat God se Koninkryk die finansies broodnodig het. **Newcom Fluid Management** besef hoe belangrik dit is vir hulle as sake-onderneming om saad in goeie grond te hê. Della & Ronel van Huysteen, Francois & Nikki Oosthuizen... **JULLE HARTE IS OP DIE REGTE PLEK!**

[Die vyand probeer altyd om finansies te blokkeer, want hyself weet waartoe ons instaat is as daar voldoende finansies is. Die wêreld is veronderstel om by ons as kinders van God te kom leer wat dit is om altyd die BESTE vir die Here te gee nie andersom nie. Ek stoei nog met hierdie saak, want dis so asof die persepsie oor die jare gevorm is dat kinders van die Here altyd moet aansukkel en nie geregtig is op oorvloed nie! Dis tyd dat ons opstaan in geloof en hierdie tradisionele gees se houvas oor ons verbreek deur die krag van God se Heilige Gees wat in ons is!](#)

Ons het **Sondag 14 April** met ons Kruispad bussie uitgery Hartbeesfontein toe om die **Evanna Ouetehuis** te gaan bedien in samewerking met **Willem & Lelanie Dekker (Presidentspaar van Forever Untouchables Mcc)**

Ons was 'n groep van **ongeveer 20** wat uitgery het en ons het vir die oumensies gesing, woord bedien, een tot een gebed vir spesiale versoeke en Willem en sy span het gesorg vir heerlike pap & wors met broodjies en 'n soetdingetjie!

Ons het beleef hoe baie van hulle omtrent nooit besoek word deur iemand nie, hul familie het hul net daar "gedump". Die een tannie is onder 'n brug in Klerksdorp gaan uithaal! Sy het in haglike toestande gesit en gebedel vir die behoud van haar lewe, want haar seun was ook 'n 'n hawelose.

Dankie aan elkeen wat finansieël bygedra het, elkeen wat kom help het en elkeen wat vir ons bediening bid. **Ons kan nie sonder die gebede van ons broers en susters nie. Julle dra ons in tye wat ons nie krag het nie en hou ons arms omhoog sodat ons die geveg kan wen! Aan God al die eer en heerlijkheid! Ons is dankbaar dat God ons kan en wil gebruik!**

Ons 1ste Huweliksnaweek lê voor die deur!

Ons werk teen 'n geweldige tempo om al die materiaal gereed te hê, want hierdie 3 huwelikskampe gaan verseker **UNIEK** wees van wat jy nog ooit gesien of gehoor het!

Ek en Francois praat vanuit ons eie lewenservaring wat ons kombineer met uitstekende navorsing! Ons bespreek sake wat bitter min openhartig oor gepraat word en ons demonstreer gebeure en probleme in die huwelik op 'n baie besondere wyse! Ok, verder gaan ons nou NIKS meer sê nie!

As julle nog onseker is om te bespreek, DOEN jousef vandag een GROOT guns...BESPREEK! Hierdie naweek kan vir jou en jou lewensmaat soveel beteken en God wil hê dat julle uiters gelukkig moet wees en dis dalk tyd om daardie vuur weer te laat opvlam!

ONTHOU: DAAR IS ALTYD HOOP, WANT BY GOD IS ALLES MOONTLIK!

Vir die gelukkige paartjies wag daar net so 'n heerlike verrassing! Sorg dat julle mindset reg is en kom met 'n groot verwagting! Hierdie gaan nie iets wees wat julle elke dag sien nie...Blessings!



Kalahari : 3-5 Mei

Venue: Duin in die Weg, 'n pragplek slegs 68km buite Upington.

Kostes : R1100 per couple (etes, luukse dubbelkamer, leerstof ingesluit)

Besprekings: Sharron @ 082 949 9779 of Connie @ 071 551 8191


SLEGS 25 COUPLES!! - Slegs 4 plekke oop!!



Koster, Noord-Wes

16-18 Augustus: (reeds volgeboek)

08-10 November : (nog plekke oop!)



'n Winter & Somers Huweliksnaweek, weg van die stad in die natuur op een van die mooiste, luukse wildsplase ooit! Luukse kamers met eie badkamers, kaggelvuurtjie en lekker kos terwyl ons baie gaan leer en wys word!

KOSTES: R1450.00 per couple (etes, akkomodasie & leerstof) **SLEGS 15 COUPLES!!**



VENUE: SHAMMAH GAME LODGE **Besprekings: Connie @ 082 328 2988 of (018) 473 5354**

Hierdie is 'n unieke huweliksnaweek wat total afwyk van die normale...Maak jou gereed vir 'n lewensveranderende paar dae!

Profetiese Vrouekamp 25 - 27 Oktober 2013 Deo Gloria



Dit is vir ons 'n groot voorreg om hierdie jaar se datum vir ons jaarlike **Profetiese Vrouekamp by Deo Gloria, Barkley Wes** aan ons vroue deur te gee! Ons voorbereiding het reeds begin en hierdie jaar gaan sonder uitsondering weer 'n absolute hoogtepunt wees!! Die van julle wat verlede jaar se kamp bygewoon het, sal kan getuig dat die Here GROOOOOT dinge gedoen het en elke jaar het Hy vir ons iets nuuts en vars instoor, amen!!

BESPREKINGS & REELINGS

- 1) Besprekings kan gedoen word by **Connie @ 071 551 8191** (**enigste nr vir bespreking!!!**) of **aanlyn** op ons **webtuiste www.crossroad-ministries.co.za** of per **FAKS 086 622 5363** (**skakel met Connie vir Besprekingsvorm as jy per faks wil bspreek**)
- 2) Ons aanvaar **GEEN** ander besprekingsmetodes nie (facebook, e-posse, smse na ons privaat nrs toe ens) Dit maak vir ons die stelsel net baie makliker en ons vra almal se samewerking!!
- 3) Koste sal **R320.00pp** beloop (aanpassing agv van kos en akkommodasie se stygings), **Pensionarisse (60+) = R280.00** en **Kinders: 5-12jaar = R250.00**
- 4) **GEEN inbetalings word hierdie jaar gedoen nie.** Gelde word **by die KAMP** self betaal! Ons het slegs jou inskrywing nodig om vir jou voorbereiding te tref!
- 5) **Bustarief: R220.00pp** Hierdie gelde word ook **by die KAMP** self betaal. (Die bedrag kan verhoog agv stygende brandstof pryse)
- 6) **Profetiese Danse** welkom: **Maksimum 2 Danse per groep en 1 per Solo**

SLEGS BORGE se donasies word inbetaal op ons **Crossroad Gospel Message** se rekening: **FNB 62355533540, Takkode 250053, Verwysing: Van & Selnr**

Ons bedank reeds elke borg wat hierdie kampe jaar na jaar dra tot uitbreiding van God se werk! Die getuienisse is so groot!

Hoe lyk jou oes?

Ons as Kruispad Boodskap moet onself kort-kort die vraag afvra: **Het ons saad in goeie grond en hoe lyk ons oes?**

As daar nie saad geplant is nie, dan kan ons nie verwag daar moet iets groei nie... raar, maar waar. Dan is daar nog die ding van oes versekering... by **WIE** is jou **OES** verseker? Sonder God se beskerming, kan satan maklik inkom en hierdie oes op die land tref met plaë en hy sal alles in sy vermoë doen om jou verwagting te probeer vernietig!

Om in God se Koninkryk te belê was en sal vir **ALTYD** nog **DIE BESTE BELEGGING** ooit wees! Geen finansiële instelling kan vir jou die opbrengs gee van jou saad (finansies) soos wat Hy kan nie. **Genesis 26:12** *Isak het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig gewen, want die HERE het hom geseën.*

1 Corinthians 9:14

Along the same lines, the Master directed that those who spread the Message be supported by those who believe the Message.

Net soos die boer van sy veld se opbrengs moet lewe, of die dokter van sy praktyk, so bepaal God se Woord dat dié wat Sy Woord verkondig ook moet lewe van die Evangelie! Dis 'n baie groot geloofsaak vir **ALMAL**...of jy nou boer en of jy nou voltydse Evangelis is. Ons moet **GLO** dat God ons sal beloon vir ons werk, maar ons moet **SAAD** in die grond hê en dit moet in **VRUGBARE** grond gesaai wees. Luister altyd mooi na God se stem waar en wanneer jy moet saai!

WORRYING
DOES NOT EMPTY
TOMORROW
OF ITS TROUBLES
✠
IT EMPTIES
TODAY OF ITS
strength
-Mary Engelbreit

DANKIE AAN ELKE KRUISPAD KONING!

Ons voel soms ons sê te min dankie vir julle finansies wat vir ons sorg, maar ook Kruispad se kantore en bediening op die pad hou! Weet dat ons julle altyd in ons gebede hou!



Ons weet verseker dat die Here self jul beloner is en dat Hy jul saad sal laat groei! Ons bid saam met julle vir die **bekerming** van jul oes vandag. Ons bid dat die Here Sy engele ook aangaande julle oes bevel sal gee om dit te bewaar van enige aanslae en dit vir julle in te bring sodra jul oes ryp is! **30.60 & 100 Voudig** in die Naam van Jesus die Christus!

In the meantime...we will worship while we waiting...!!

As die Here vandag vir jou vra om in Kruispad se akker saad te saai, weet verseker dat die grond vrugbaar is en goed voorbereid is vir jou saad en dat ons saam met jou hierdie oes sal inroep in die Naam van Jesus Christus!

Jy kan 'n maandelikse debietorder voltooi en ons minimum bedraggie is slegs R55 per maand!

Help ons asseblief!



**Stuur asb
jou
GEBEDSVERSOEK
deur na
082 526 4528**

You are about to have significant breakthrough in a number of areas in your life and circumstances. But, you must believe that I am telling you the truth, says the Lord, and position yourself spiritually for success. You have had to face many challenges that have been not only been difficult but daunting. Now, you will begin to move out of that wilderness experience.

Hosea 2:15 I will give her her vineyards from there, and the Valley of Achor as a door of hope; she shall sing there, as in the days of her youth, as in the day when she came up from the land of Egypt.

The Bible is the only book whose author is always present when one reads it.

Ons is besig met 'n opgraderingroses van ons **databasis** en vra dat ons konings asseblief vir ons sal inlig indien hul **persoonlike besonderhede** verander het bv. **telefoon nommers, bankbesonderhede, getroude status, adres ens.** As jy nie smse of e-posse kry nie, dan het ons verseker 'n verkeerde nommer of adres. Ons **MOET** met jou kan kontak behou!

Ons sal met ons volgende vrouekamp **balkies** oorhandig aan al ons vroue konings wat nog nie balkies gekry het nie, maar indien jy nie vrouekamp toe kom nie, laat weet ons gerus. **Ons pos met graag jou koning balkie!**

Vir die van u wat graag meer wil weet rondom die proses om 'n Kruispad Koning te word, kontak ons gerus of besoek ons webtuiste by www.crossroad-ministries.co.za. Dis verseker die moeite werd en jou saad sal 100voudig na jou terugkeer!!!

BANKBESONDERHEDE VAN KRUISPAD:

CROSSROAD GOSPEL MESSAGE NPC

FIRST NATIONAL BANK

CHEQUE ACCOUNT: 62355533540

BRANCH CODE: 250053

Bogenoemde bankbesonderhede is ook dieselfde vir ons
Kruispad Familie Kerk



Kruispad
familie kerk

Volgende Dienste

21 & 28 April

TEMA vir 21 April 2013

"Kom SOEK My op die plek waar Ek vir JOU wag!"

TEMA vir 28 April 2013

"Pasop wat jy JAAG...!"

**NEVER CHASE ANYONE.
A PERSON WHO APPRECIATES
YOU, WILL WALK WITH YOU.**

kushandwizdom.tumblr

**Hierdie 2 boodskappe volg op mekaar.
MOET NIE EEN MIS NIE!**